# TOEGERUS VIR 2023

# KONTEKS VAN 2 TIM 3

- Laaste dae
- Swaar tye
- Probleme
- Versoekings
- Finansiële Krisisse

# ANTWOORD HOE OM TE OORLEEF

**2 Tim 3:16-17** VOLKOME TOEGERUS

**16** DIE hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,

**17** SODAT die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

# DEFINISIE VAN "TOEGERUS"

- Bewapen
- Van die nodige te voorsien
- Bekwaam te maak
- Jouself te versterk

# WAARMEE "TOEGERUS"

Vers 16 → Woord van God

# TOERUSTING IS MY VERANTWOORDELIKHEID

**Rom 13:12-14**

**12** DIE nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord.

**13** LAAT ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie.

**14** MAAR beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.

- Beklee: “sinking” into a garment
  to invest with clothing
- Beklee jou met Jesus: Woord

**Joh 1:1**

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.

# HOE OM JOUSELF TE BEKLEE MET DIE WOORD

## 1. Bybel sistematies te lees

- Johannes / Handelinge / Sendingbriewe

**Spr 18:15 (AFR)**

Die hart van die verstandige verwerf kennis, en die oor van wyse soek na kennis.

**Spr 18:15 (AMP)**

The mind of the prudent is ever getting knowledge, and the ear of the wise is ever seeking (inquiring for and craving) knowledge.

# HOE OM JOUSELF TE BEKLEE MET DIE WOORD

## 2. Woord Toepas

**Matt 7:24**

Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het.

- Openbaringskennis kom wanneer jy die Woord toepas.

**Joh 13:17 (AFR)**

As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen.

**Joh 13:17 (AMP)**

If you know these things, blessed and happy and to be envied are you if you practice them [if you act accordingly and really do them].

# HOE OM JOUSELF TE BEKLEE MET DIE WOORD

## 3. Memoriseer en bely die Woord

**Rom 10:8**

Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig.

# HOE OM JOUSELF TE BEKLEE MET DIE WOORD

## 4. Maak Woord deel van gesprekke

- Hart vol is – loop mond van oor.

**Matt 12:34-35**

**34** Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want uit die oorvloed van die hart praat die mond.

35 Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn.

# STRUIKELBLOKKE OM JOUSELF TOE TE RUS

## 1. Nie in 'n groei omgewing nie

- Rede waarom jy aan 'n gemeente behoort?
- Tradisie – lekker – aansien – lekker sing

**HOOFREDE**

- Moet toegerus word met Woord, sodat jy kan groei/oorwin.

# STRUIKELBLOKKE OM JOUSELF TOE TE RUS

## 2. Nie honger genoeg

- Tevrede met middelmatigheid.
- Beste wees wat ons kan wees.

**Jes 55:1-2**

**1** O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!

**2** Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig.

# STRUIKELBLOKKE OM JOUSELF TOE TE RUS
## 3. Vlees

- Toerusting – iets wat van jou kant af kom.
- Toerusting – kos ‘n prys
- Toerusting – vlees moet kruisig